
MT 24-25: JESUS SE PROFETIESE REDE [2]

Die dissipels se vraag en Jesus se antwoord

E225

Dwarsdeur Sy publieke optrede het die Here Jesus en die Joodse skrifgeleerdes gebots. Maar die dae voor hierdie Woensdag, 12 Nisan, was hulle openlike verskille feller as ooit. Wat argumentasie betref, word die kous aan die einde van h.22 finaal oor die Jode se kop getrek. Van toe af sou hulle 'n ander strategie volg.

Die Here is egter nie klaar met hulle nie. Nooit is Sy kritiek op die leiers skerper as in hoofstuk 23 nie. En hier in Mt 24 gee 'n vraag van die dissipels dan aanleiding tot Sy finale en verdoemende oordeelsuitspraak oor die Joodse bestel.

Die dissipels se vraag

In Mt 24:1 verlaat die Here Jesus die tempel vir die laaste keer. So pas het Hy 'n finale oordeel daaroor en Jerusalem uitgespreek: die stad gaan 'n puinhoop word! En totdat die Jode Hom nie herken en erken vir wie en wat Hy is nie, sal hulle Hom nie weer sien nie. Eers as hulle sal uitroep: "Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!", sal Hy na hulle terugkeer (23:38-39).

Sekerlik is die dissipels hewig ontsteld oor die Here se oordeelsuitsprake. Hulle is immers ook Jode. Asof hulle vir Jesus wil sê, "U is seker nie ernstig nie!", vestig hulle Sy aandag op die indrukwekkende tempelgeboue. Sy antwoord is dramaties en uitdruklik: "Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word" (24:2).

As hulle op die Olyfberg aankom, vra die dissipels dan vir Jesus 'n vraag - 'n tweeledige vraag. Eerstens wil hulle weet wanneer die tempel vernietig gaan word. En tweedens wil hulle weet watter tekens sal gepaardgaan met Christus se wederkoms en die einde van die wêreld.

Veral Lukas se weergawe van die vraag maak dit duidelik dat die dissipels gedink het die twee dinge is eintlik een en dieselfde gebeurtenis: "Here, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan plaasvind?" (Lk 21:7).

Die dissipels se verwarring

Ons weet vandag dat die vernietiging van die tempel en die wederkoms twee verskillende gebeurtenisse is, maar vir die dissipels was dit nie so voor die hand liggend nie.

Die Jode het verwag dat die tempel in die tyd van die Messias die permanente sentrum van aanbidding sou wees vir die hele wêreld. Dit is daarom haas onmoontlik om ons in te dink hóé lasterlik Jesus se profesie oor die vernietiging van Jerusalem en sy tempel op Joodse se ore moes geval het.

Maar die dissipels is verward. Aan die een kant dink hulle nog soos Jode. Aan die ander kant is hulle lojaal aan Jesus en vertrou hulle Hom algeheel. Hulle aanvaar dus dat God se oordeel oor Jerusalem sal kom. Die Jode verwerp immers die Here Jesus - en die dissipels is reeds oortuig dat Hy inderdaad die Messias is. Maar vir hulle is dit nog ondenkbaar dat iets só katastrofies soos die vernietiging van die tempel losgemaak kan word van die wederkoms. Hulle denke is nog nie vernuwe nie.

Die Here antwoord egter die dubbelloop-vraag in twee afdelings. Eers gee Hy aandag aan die vernietiging van Jerusalem (24:4-35). En dan praat Hy oor Sy wederkoms (24:36-25:46).

Twee afsonderlike antwoorde?

Nie almal aanvaar dat Jesus Sy antwoord se twee

dele so uitmekaar hou nie - dat Hy eers aandag gee aan die een vraag, en daarna aan die ander. Kyk mens na 24:24 en 24:27-31, verstaan jy waarom soveel Christene deur die eeue oortuig was dat dit reeds hier oor die wederkoms gaan, en nie bloot oor die vernietiging van Jerusalem en sy tempel nie. Kan sulke dramatiese beeldspraak op iets minder as die einde van alles dui?

Dit is dus nodig om te motiveer waarom mens glo dat Jesus die twee sake afsonderlik behandel.

V.34: "hierdie geslag"

Sommige probeer hier 'n ander betekenis as die letterlike en voor die hand liggende betekenis inlees. Algemeen is die argument dat Jesus eintlik daarmee die Joodse "volk" bedoel, en dat Hy daarmee sê dat hulle tot en met die wederkoms sal bestaan. Die probleem is net dat die woord eenvoudig nie so 'n betekenis het nie. Matteus gebruik die woord (Gr. *genea*) 12 keer in die res van sy evangelie: 1:17 (4x); 11:16; 12:39, 41, 42, 45; 16:4; 17:17; 23:36. Deurgaans dui dit op mense wat in dieselfde tyd leef - op tydgenote, 'n bepaalde geslag. Die teoloog, D.A. Carson, sê in sy Matteus-kommentaar: "*This generation can only with the greatest difficulty be made to mean anything other than the generation living when Jesus spoke*" (p.507).

Maar, afgesien van die woord se betekenis, is Jesus nog meer spesifiek: Hy praat van *hierdie* geslag.

Voorts is daar ander uitsprake in Matteus wat presies dieselfde sê as hierdie vers as mens dit op sigwaarde neem (Mt 10:23; 16:28; 23:36).

Laat ons ook nie die uitdrukking "al hierdie dinge" miskyk nie (24:33, 34). Twee keer sê Jesus dus dat al die voorafgaande gesamentlik as teken sal dien.

Om alles te kroon, sluit die Here die gedeelte af met 'n gewigtige en onwankelbare versekering dat alles gewis net so sal gebeur (24:35).

Die duidelike verskille tussen die twee gedeeltes.

As ons die naat tussen die twee gedeeltes as tussen

v.35 en 36 aanvaar, word 'n paar onmiskenbare verskille tussen die twee gedeeltes baie duidelik.

Eerstens, teenoor Jesus se beklemtoning dat alles tot en met v.35 in daardie geslag se leeftyd sal plaasvind, stel Hy dadelik in v.36 die wederkoms aan die orde. Die uitdrukking "daardie dag en uur" is wederkomstaal in die Nuwe Testament (Mt 7:22; Jh 5:28-29; 1Ts 5:2; 2Ts 1:10; 2Tm 1:12, 18; 4:8).

Tweedens is die eerste gedeelte opvallend spesifiek van aard. Detailbeskrywings van komende tekens word gegee: vals christusse, oorloë, hongersnede, peste, aardbewings, vervolgings, vals profete, geloofsafval, verduistering van die son en maan, en vallende sterre. En dan natuurlik is daar die baie spesifieke gruwel van verwoesting in die heilige plek (24:15), waarop ons nog sal let.

Daarenteen is die tweede gedeelte deurgaans vaag. Niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie - geen mens of engel, of selfs die Seun nie. Net die Vader weet dit (24:36). Daarom waarsku Jesus Sy dissipels oor en oor om steeds waaksaam te wees, aangesien hulle nie vooraf gaan weet wanneer Hy kom nie (24:42, 44, 50; 25:13).

Derdens skets die twee gedeeltes tye wat radikaal verskil. Die eerste deel praat van die verskriklikste onheil en lyding; die tweede van 'n rustige samelewing, soos in die tyd van Noag (24:37-39). Mense sal gewoon met alledaagse take voortgaan (24:40-41).

Vierdens, teenoor die eerste tyd se gebeure wat op hande is, sal verdragings en lang tye die tweede tydperk kenmerk (24:48; 25:5, 19).

Les bes, let op die "maar" waarmee v.36 begin.

Wat sê dit alles vir ons?

1. Dis nodig om die profesieë reg te verstaan.

Dikwels is die presiese verdeling en struktuur van Bybelhoofstukke nie belangrik nie. Hier is dit egter wel. Want dit gaan oor die wederkoms en bepaalde tekens waarop gelet moet word. As mens die kat aan die stert beet het, kan dit jou baie duur te staan kom. Jy kan óf nie gereed wees wanneer jy moet

nie. Dan mag die lot van die vyf dwase meisies jou tref. Óf jy kan vals en oorverhitte verwagtinge hê, terwyl die lang trek in werklikheid nog voorlê. En hoe bespotlik word die geloof en die Naam van die Here nie dikwels gemaak deur mense wat só vas glo dat die Here se wederkoms op hande is (en dan koppel hulle nog datums ook daaraan), dat hulle dit sonder huiwering uitbasuin nie!

2. Laat ons met die grootste erns bid dat die Here ons sal help om Sy Woord reg te verstaan.

Dit geld nie net die dinge rondom die wederkoms nie, maar die Woord van God in die algemeen. Hoeveel miljoene mense wat hulleself as ernstige Christene beskou, het nie al op een of ander punt die bal heeltemal misgeslaan nie! En hoe dikwels het dit nie implikasies vir hulle ewige saligheid nie! Maar selfs al raak dit nie jou redding nie, raak dit feitlik sonder uitsondering die eer van God, die welsyn van Christus se kerk, en die aantreklikheid van die evangelie.

Daarom moet ek en jy met al die erns waaroor ons beskik, en met opregte en afhanklike nederigheid weer en weer bid dat die Gees van God ons in die waarheid sal lei. Daarsonder is ons gedoem om op allerlei sielsvernietigende dwaalweë te beland. En skrikwekkend tragies, wanneer dit gebeur, weet mens dit gewoonlik glad nie eers nie.

Nog altyd was dit belangrik om hiermee erns te maak, maar des te meer in hierdie tyd van geloofsafval in ons land.

3. Dit beklemtoon weereens die belangrikheid van die historiese Christelike geloof.

Dit lê net voor hand dat die Gees van die Here alle ware gelowiges deur die eeue in dieselfde waarheid sal lei - in elk geval wat die noodsaaklike dinge betref. Per slot van rekening het niks verander wat die fundamenteles betref nie: wie en wat God en die mens is, die feit en aard van sonde, die noodsaak en manier van redding, die lewe wat God behaag en verheerlik, ensovoorts.

Daar sit dus groot sekuriteit en gemoedsrus daarin om in lyn met die godvrugtige kerk van alle

eeue te leef.

Baie in vandag se kerk het egter die historiese geloof versaak. Dit het mode geword om 'n God vir ons tyd te soek.¹ Dis natuurlik rasegte Postmodernisme. Of daar 'n objektiewe, selfstandige en transendente God buite my is, maak hoegenaamd nie meer saak nie. Maar tog soek ek 'n god - maar my eie een - want dis lekker en cool. Dis soos elke seuntjie wat 'n eie hond móét hê. Natuurlik, as hy tevrede is met bloot 'n hondjie in sy verbeelding, is dit des te beter. So 'n brakkie mors ten minste nie op die mat nie.

Daar is egter net een probleem met so 'n eie god vir ons tyd. As die lewenskrisisse op jou daag - en dit kom vir seker vir elkeen - dan is hy niks werd nie. En dan praat mens nie eers van die dood en die ewigheid wat vir elkeen van ons wag nie.

Slot

Laat ons nederig bly as dit gaan oor die verstaan van God se toekoms. Mag die Here ons help om die dag van Sy heil nie mis te kyk wanneer dit op ons daag nie. Maar hierop kan ons peil trek: Hy self sal sorg dat Sy uitverkorenes se oë sal sien en onderskei wanneer dit nodig is. En op daardie dag sal ons verbaas uitroep: "Is dít toe wat daar en daar bedoel is! Hoe kan dit wees dat ons dit nie presies só verstaan het nie. Dit lyk dan nou so voor die hand liggend!"

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: ldrey@lantic.net; T: 012-808 3906

1. Linette Retief, *Kinders van 'n Cool God*, Insig, Julie 2004, p.35.